Navrae
Enquiries MNR MK GALANT
IMibuzo

Telefoon
Telephone (021) 467-2497
IFoni

Faks
Fax (021) 467-2393
IFeksi

Verwysing
Reference 7/2/6
ISalathiso

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

OMSENDBRIEF: 0156/2002
VERVALDATUM: GEEN
AAN: ALLE HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE (HOOFKANTOOR EN OBOS'e), KRINGBESTUURDERS, KURRIKULUMADVISEURS, HOOFDE VAN OPVOEDKUNDIGE INRIGTINGS EN VOORSITTERS VAN SKOOL BEHEERLIGGAME EN RADE VAN OPVOEDKUNDIGE INSTELLINGS

*KORT OPSOMMING: Inligting oor kansellering van bydraes tot die Werkloosheids-versekeringsfonds*

**ONDERWERP: KANSELLERING VAN WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSFONDS-BYDRAES**

1. Die Departement van Arbeid het onlangs die Wet wat betrekking het op bydraes tot die Werkloosheidsversekeringsfonds gewysig.

2. Hierdie Wet maak nie meer voorsiening vir die aftrekking van bydraes tot die Werkloosheidversekeringfonds nie, en derhalwe sal staatsamptenare wat op kontrak of op 'n tydelike basis aangestel is, met inbegrip van opvoeders, met ingang van 1 Julie 2002 nie meer aan hierdie fonds behoort nie. Reëlings is getref vir die kansellering van alle aftrekkings, sowel as vir die terugbetaling van bydraes wat na die gemelde datum gemaak is.

3. Die Nasionale Departement van Onderwys gaan akkoord met die interpretasie van afdeling 4(1)(a) van die Wet op Werkloosheidversekeringsfondse, 2002 en artikel 3(1)(c) van die Wet op Werkloosheidsversekeringsfondse, 2001, dat alle opvoeders van die betrokke fonds uitgesluit is.

4 U word dringend versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle personeellede te bring.

5. U samewerking sal waardeer word.

nm. HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2002.11.25.